

Dinsdag 21 November

Skrifgedeelte: Lukas 14:15-33; Efesiërs 4:30 (1933/53-vertaling: DL Hoofstuk 5, VD 2)

Fokusgedeelte: Lukas 14:28-30

Die eise van dissipelskap: Bid vir Gees-gewerkte prioretisering en volharding

Jesus tref twee vergelykings om dissipelskap in sy koninkryk te verduidelik: dié van 'n bourekenaar wat 'n toring wil bou, en 'n koning wat in 'n oorlog gedwing word.

Albei moet weet wat hulle onderneming verg voor hulle dit aanpak, en wanneer jy jou verbind het, moet jy enduit volhard. Die verskil tussen die bourekenaar en die koning is egter: Die bourekenaar kan besluit of hy wil voortgaan om te bou of nie. Die koning het nie 'n keuse nie, hy word aangeval en dit vereis voorbereide optrede.

Jesus roep jou as sy dissipel. Jy moet jou deeglik vergewis waarvoor jy jou inlaat. Daar is 'n kruis. Jy mag nie werk (osse) of materiële besittings (grond) of verhoudinge (vrou) bo die navolging van Jesus stel nie! Doen die kosteberekening vooraf, sodat jy nie halfpad tot jou eie spot en skande omdraai tot 'n ongewisse hoop nie!

Dit beteken egter nie dat jy jou maar van die roeping kan onttrek as jy weet wat ware dissipelskap eis nie. Bid God om sy Heilige Gees wat ons verseël om te volhard en te prioretiseer. En kyk in jou kosteberekening nie net na die eis van dissipelskap nie, kyk ook na die loon, naamlik: Ingang in die Koninkryk van God, toegang tot die bruilofsmaal van die Lam, danksy Jesus Christus saam met Wie ons alles genadiglik sal erf!

Sing: Psalm 119:43 (1936)

Ds. SJMS (Faan) Smit (Heidelberg)